

Woensdag 4 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-33

Fokusgedeelte: Lukas 1:30

Deur God in diens geneem

Dit was 'n dag soos alle ander dae. Maar toe verander alles ineens. Die jong, verloofde vrou Maria ontvang 'n besoeker in haar huis. En watter besoeker! Die engel Gabriël. Gabriël se naam beteken "Man van God". God stuur Gabriël uit die hoogste hemel na Nasaret, 'n onbeduidende dorpie in Galilea.

Gabriël groet Maria as begenadigde. Hy sê dat die Here met haar is. Hy sê ook vir haar dat sy geseënd is onder die vroue. Die Here sou haar op 'n besondere manier gebruik. Die God van hemel en aarde het Maria uitgekies om geboorte te gee aan die lank beloofde Messias, sy eniggebore Seun. Van alle vroue in die hele wêreld en wêreldgeskiedenis is dit die eenvoudige jong vrou Maria wat hierdie weldaad van God ontvang. Nie omdat sy iets besonders was of beter was as al die ander vroue nie, intendeel. Net omdat God dit so wil. Dat Maria die moeder van die Here Jesus mag word, is louter genade.

Maria is ontsteld oor die engel se groet en sy boodskap. Wie sou nie ontsteld wees nie? Maar Maria haak nie vas by ontsteltenis nie. Deur die w(W)oord van die engel werk God geloof in haar. Sy dink na oor Gabriël se woorde – en sy vrees. Sy is totaal oorweldig.

Opnuut verseker Gabriël haar van God se genade in haar lewe. Toe verduidelik hy vir haar wat die rede vir sy besoek en sy besondere groet is. Sy sal aan 'n seuntjie geboorte skenk en sy moet Hom Jesus noem. Hy sal die Verlosser wees waaroor die profete reeds eeue lank gepraat het. Hy sal Seun van die Allerhoogste wees en vir ewig op die troon van sy vader Dawid sit.

Die boodskap uit die hemel is helder en duidelik. Maria is oorweldig. Word ons ook nog oorweldig by die lees en aanhoor hiervan? Besef ons genoeg dat God gewone mense wat in gewone dorpe en stede woon, in sy diens gebruik om ongewone, groot dinge vir Hom te doen? Maria word deur God in diens geneem om aan sy Seun geboorte te skenk. Dit is uniek. Sy is werklik die geseënde onder die vroue.

Maar dit is nie minder uniek nie dat God elkeen van sy kinders ook in diens neem om sy Woord te hoor en dit op 'n praktiese manier te doen. So word die werke van God sigbaar in ons elkeen se lewe en Hy word daardeur verheerlik (Matt. 5:16). Wees wat jy is, wat God jou gemaak het: arbeider in sy koninkryk.

Sing: Psalm 25-1:2

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)